View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Directory of Open Access Journals

# BOEKBESPREKING

N. H. Bolkenstein en J. Thomas, **OVER PREKEN GESPROKEN PRACHTISCH THEOLOGISCHE HANDBOEKJES NO. 35,** Boekencentrum N.V., S. Gravenhage, 1972, 159 bladsye.

Die aanleiding tot die ondersoek waarvan die resultaat in hierdie boek opgeteken is, was die steeds verswakkende kerkgang in Nederland. Die ondersoekers wou vasstel of i. die evangelie nog reg gepreek word en ii. of die predikante daarin slaag om hulle preke werklik aan die gemeente oor te dra.

Hulle werkswyse was so: Hulle het met die toestemming van 'n paar predikante (5) van elkeen een diens bygewoon. Na die diens het hulle elke keer met 'n klein gespreksgroepie wat vooraf daarvoor verkry was, sekere vrae bespreek en ook 'n aantal vrae vir skriftelike beantwoording voorgelê.

Op grond hiervan is hulle bevinding dat die evangelie self nog nie te swak gepreek word nie en dat die hoofoorsaak van die verslegtende kerkgang in die oordrag van die preek gesoek moet word. Die probleem, so oordeel die ondersoekers, kan grootliks opgeklaar word, deur in sommige gemeentes altans, te begin met sogenaamde dialogiese preke. Die preek in sy bekende vorm moet dan plek maak vir 'n dialoog, 'n gesprek waarvan die lidmate deelneem. Hoe dit egter in praktyk gebring moet word en wat die besondere voordele daarvan sou moes wees, beantwoord die ondersoekers nie.

Myns insiens is daar allerlei besware teen hierdie geskrif in te bring, soos byvoorbeeld dat die ondersoek nie as statisbeduidend aanvaar kan word nie; dat daar van bepaalde aanvegbare veronderstellings uitgegaan word en dies meer. Nietemin is ek tog van oordeel dat dit goed is om die boek te lees omdat die probleem wat aan die orde gestel word altyd vir die kerk 'n wesenlike probleem is. Predikante behoort daarvan kennis te neem.

J. I. de Wet.

**RONDOM DIE PREDIKING,** erebundel aangebied aan prof. dr. H. D. A. du Toit by geleentheid van sy uittrede as professor aan die Teologiese Fakulteit (Afdeling B) van die Universiteit van Pretoria, deur oud-studente en kollegas, onder redaksie van prof. dr. B. J. Marais en prof. dr. C. W. H. Boshoff, N.G. Boekhandel, Pretoria, 1972, 191 bladsye. Prys R4,50.

Die geskrif bevat, benewens 'n foto en lewensskets van prof. Du Toit, 'n twaalftal artikels oor 'n breë verskeidenheid van teologiese onderwerpe. Uit die aard van die saak kan 'n mens nie al die

artikels met ewe veel instemmnig lees nie. Dit verminder egter niks aan die feit dat daar veel aan die leser gebied word wat wel die moeite werd is nie.

Dit sal sekerlik ook 'n gepaste huldeblyk aan 'n gewaardeerde, toegewyde vakman wees as hierdie bundel 'n wye leserskring vind. Daarom wil ek hierdie bundel sterk by al die predikante aanbeveel.

J. I. de Wet.

Dr. A. F. N. Lekkerkerker, **OORSPRONG EN FUNKTIE VAN HET AMPT,** Boekencentrum, s'Gravenhage, 1971, 232 bladsye.

Hierdie werk van Lekkerkerker moet as 'n baie welkome en tydige publikasie aangemeld word. Teenoor die baie verwarde en verwarrende misvormings waaraan die ampte onderwerp is veral vanuit psigologiese en sosiologiese gesigspunt, stel Lekkerkerker weer eens die Bybels-reformatoriese siening van die amp duidelik.

Nadat hy al die faktore wat tot die sogenaamde ampskrisis aanleiding gegee het, aangetoon het, behandel hy alle ter sake Bybelse, dogmatiese en historiese gegewens. Daarna trek hy sy konklusies. Hieruit blyk baie duidelik dat hy die amp hoegenaamd nie wil vasvang in 'n fundamentalistiese verstarring nie. Net so min lewer hy die ampte uit aan die hedendaagse aktualistiese funksionalisme.

Dit is werklik een van die beste teologiese werke wat ek in die afgelope tyd gelees het. Elke predikant behoort dit te lees.

J. I. de Wet.

**WAT IS ER AAN DE HAND MET HET AMBT;** studierapport aangeboden door de Generale Synode van die Nederlands Herv. Kerk, s'Gravenhage, 1970.

Soos die subtitel aandui is die boek 'n gepubliseerde studie-resultaat van 'n kerklike kommissie.

Daar is in Nederland al vir geruime tyd sprake van 'n „ampskrisis" as gevolg van wat genoem word die funksieverlies van die amp en daarop gefundeerde eise tot herstruktuering van die kerk in die algemeen en die ampte in die besonder. Suid-Afrika bly nie onaangeraak deur die teologiese woelinge in Europa nie. Daar is dan ook al allerlei tekens van onrus oor die ampte en die funksionering daarvan hier op te merk. Daarom lyk dit noodsaaklik vir elke verantwoordelike en teologies-geskoolde lidmaat van die kerk om kennis te neem van die studieresultate van 'n kerk wat geruime tyd al in hierdie woelinge leef.

Uiteraard sal 'n mens nie met alle konklusies en voorstelle tot proefneming met die ampte binne die raamwerk van belydenis en kerkorde saamstem nie. Dit neem egter nie weg dat hierdie publikasie 'n handige en prikkelende studiebron in verband met die ampte is nie.

Elke predikant kan dit met vrug benut.

J. I. de Wet.

Dr. A. F. N. Lekkerkerker, **DE BRIEF VAN PAULUS AAN DE ROMEINEN,** tweede herziene druk G. F. Callenbach, Nijkerk 1971, twee dele. Prys R6,77 en R5,03.

Hierdie tweede hersiene druk van dr. Lekkerkerker het as 'n sagteband uitgawe in die serie „Prediking van het nieuwe testament" verskyn.

Dr. Lekkerkerker is baie bekend in dogmatiese kringe. Hy gee in hierdie geskrif daarvan duidelik blyk dat hy ook 'n goeie nieutestamentikus is sodat 'n mens goed kan begryp waarom hy oor so 'n tema soos Rom. 7 en 9 by Augustinus gepromoveer het.

Eintlik behoef die werke van Lekkerkerker geen bekendstelling of aanbeveling nie. Elke student van die teologie ken sy werk as hoogstaande wetenskaplike werk. Hierdie hersiene druk lewer net weer opnuut bewys daarvan.

Van harte graag beveel ek dan ook hierdie twee dele by elke predikant en teologiese student aan.

J. I. de Wet.

**AANKONDIGING:**

Concordantie op den bijbel in die nieuwe vertaling van her nederlands bijbelgenootschap, Afl. 10b tot 12a, J. H. Kok, Kampen, het verskyn en is nou hier by ons beskikbaar in die boekhandel .

Volker Wagner, **RECHTSSÄTZE IN GEBUNDER SPRACHE UND RECHTSSATZREIHEN IM ISRAELITISCHEN RECHT,** Beihefte zur Zeitschrift für die alttestamentliche Wissenschaft, Walter de Gruyter, Berlyn 1972. 72 bladsye. Prys: DM 34,00.

Hierdie monografie het, soos die skrywer vermeld, ontstaan uit 'n proefskrif van vier jaar gelede. Die subtitel beskryf die werk as 'n bydrae tot die Gattungsforschung, dit wil sê tot die studie van die literatuurtipes in die Ou Testament. Hoewel hy hom beperk tot regsuitsprake, lewer die outeur 'n beagtenswaardige bydrae tot die studie van Gattungen as sodanig.

Met 'n noukeurige analise van die formele en die inhoudelike elemente in die regsuitsprake van Israel gaan Wagner die oorleweringsgeskiedenis van die uitsprake na. Dit gaan hom om die

karakter van die reg in sy voor-kanonieke stadium, waarvoor hy uitvoering vergelykingsmateriaal uit die Hetitiese en veral die Akkadiese sfere byhaal. Hy gaan met noukeurigheid en 'n bereidheid om grense vir die wetenskaplike moontlikhede te aanvaar, te werk.

Die werk is 'n reaksie op Albrecht Alt se beroemde „Ursprünge des israelitischen Rechts". Die outeur het die literatuur wat deur Alt aangevoor is, deeglik verwerk en geëvalueer (vgl. pp. 53ff.). Die waarde van Wagner se werk lê in sy reaksie op Alt se ponering van twee regsgattungen, naamlik die apodiktiese en kasuïstiese uitsprake. Dit is bewonderenswaardig om waar te neem hoe 'n relatief jong en onbekende figuur op die vakgebied een van die grootste name in die Ou Testamentiese vakwêreld suiwer krities benader, en sonder huiwering verskil van insigte wat inderdaad 'n soort kanonieke aansien verkry het. Dit doen hy alleen op grond van saaklik-wetenskaplike meriete sonder om die grootheid van die wetenskaplike glans rondom Alt te wil verduister. So illustreer Wagner dat 'n groot naam nie die waarborg vir korrektheid en aanvaarbaarheid is nie, en dat 'n wyd-erkende insig nie bowe verantwoorde kritiek staan nie. Op sigself is dit vir ons teologiese wêreld al 'n wesenlike bydrae.

Hy voer aan dat die bekende tweedeling van regsuitsprake in die Ou Testament, die apodiktiese en kasuïstiese uitsprake, afgewys moet word. Hierdie sienswyse oortuig: Die apodiktiese uitsprake kan nie van die kasuïstiese geïsoleer word nie omdat, soos aangetoon word by die bespreking van die uitspraakreekse **(mōt jūmat, 'ārūr** en andere), die logiese struktuur van regskasus en regsgevolg in beide gelyk is. Dat die formele uitdrukking taalkundig verskille kan toon, maak nie 'n saak vir 'n afsonderlike Gattung uit nie (vgl. pp. 64-65). Daarbenewens gaan die aanname van 'n kultiese oorsprongsoord vir die apodiktiese uitsprake nie op nie (vgl. p. 58). Besonder leersaam is Wagner se uitwysing van die feit dat uitdrukkingsmoontlikheid afneem namate die omvang van 'n eenheid kleiner word. Derhalwe moet mens versigtig wees met die onderskeiding van Gattungen in sulke beperkte eenhede soos die onderhawige regsuitsprake. Alleen wanneer die eenhede groter is, is die verband tussen vorm, lewenssituasie en motief 'n „Wirkungsmöglichkeit". Hierdeur word die vormkritiese metode op sy grense gewys: Die formele mag nie by die Gattungstudie verabsoluteer word nie. Die algemeenwetenskaplike geldigheid van hierdie konklusie, naamlik die gevaar van 'n eenmaal gewonne insig se verabsolutering, is ook in ons teologiese situasie nadenke werd.

Hierby gaan die studie ook nie gebrekkig aan die verheldering van detailgegewens nie. So word byvoorbeeld die betekenis van

**'ārūr** in hierdie samehang opgeklaar. Wagner se redenasie (pp. 38-39) bewys weer die noodsaak van 'n bestudering van **terme** vanuit die **saak**, en dat die omgekeerde weg 'n metodiese fout is wat nie geregtigheid aan die werklikheid kan laat geskied nie en wat buitendien wetenskaplik stagnasie in die hand werk.

'n Kritiese opmerking betref egter die opmerking van Wagner dat die **Sitz im Leben** van die regspraak oorspronklik nie-religieus was. Sy oorleweringshistoriese uitwerking van die oorspronge in die sibbe- en familiereg oortuig wel, maar die eenheid van die lewenssfere in die antieke Semitiese wêreld vereis meer argumente as 'n ondersoek na regsuitsprake om die bewering moontlik te maak dat die oorspronklike **Sitz** van die regspraak a-religieus was. Prakties kon die intensiteit van die religieuse invloed op die regspraak wel laag gewees het, maar die aanname van 'n regssfeer wat volkome geïsoleerd van die religie gestaan het, is selfs vir die voor-kanonieke stadium te ingrypend om op so 'n smal basis gebou te word.

Dit sal nie deug om Wagner met die algemene resensentecliché 'n wye leserskring en 'n plek op die boekrak van elke predikant toe te wens nie, eenvoudig omdat sy werk nie van algemene interesse is nie. Dit kan egter hartlik aanbeveel word by alle Ou Testamentici wat belangstel in die regspraak in Israel, sowel as by diegene wat hulle met Gattungs- en vormkritiese studies besig hou. Daarbenewens het die monografie natuurlik ook waarde wat verder gaan as die onderwerp self — soos hierbo betoog is — en die hoop kan uitgespreek word dat sulke vrugte van 'n wetenskaplike benadering nie onder ons verskoning vir afwesigheid sal moet vra nie.

J. A. Loader.

Ds. Henno Cronje (Red.), **ABORSIE, VERSLAG VAN KOMMISSIE VIR ONDERSOEK INSAKE CHRISTELIKE ETIEK VIR DIE MEDIESE PRAKTYK,** N.G. Kerk-boekhandel, Pretoria, 19 bladsy, 50c.

Die Kommissie waarvan daar sprake in die subtitel is, het bestaan uit predikante, teoloë, regsgeleerdes en medici. Die verslag het ook gedien as die N.G. Kerk se getuienis voor die Gekose Parlementêre komitee wat oor aborsie verslag moes doen.

Die verslag is een van die mees gebalanseerde, verstandigste dokumente wat ek nog oor die probleem van aborsie gelees het. Hier en daar vind 'n mens 'n formulering wat jy anders sou gestel het en die definisie van kultuur op p. 7 is swak. Origens kan ek net my heelhartige instemming uitspreek. Dit is jammer dat die verslag so kort is en dat alle diskussie van kontroversiële sake

daarom weggelaat moes word. Dit is ook jammer dat daar nie iets ingewerk is oor die verantwoordelikheid van mense om te sorg dat ongewensde swangerskappe voorkom word nie, want die probleem is dat mense maar voortgaan en dan die verantwoordelikheid vir hulle dade op die dokter afskuif deur 'n aborsie te vra.

Ek wil hierdie boekie baie sterk aanbeveel by elkeen van ons lesers. Die eerste deel van die boekie wat oor die Bybelse getuienis gaan, is vir elke lidmaat verstaanbaar. Die tweede deel bevat 'n klompie moeilike mediese en juridiese terme, maar is vir die leek tog heeltemal verstaanbaar.

P. S. Dreyer.

Pastorale Handreiking (Generale Synode Ned. Herv. Kerk), **LIEFDE EN SEXUALITEIT**, s-Gravenhage; Boekencentrum N.V., 1972, 76 pp.

In 1952 het die Generale Synode van die Nederlandse Hervormde Kerk 'n herderlike skrywe oor „Het Huwelijk" gepubliseer. Twintig jaar later het hierdie pastorale handreiking oor Liefde en Sexualiteit verskyn. In baie opsigte sluit dit ten nouste aan by die een oor die huwelik. Volgens die Woord Vooraf én blykens die inhoud, kom in hierdie nuwe publikasie egter 'n aantal vrae ter sprake wat in ons tyd lewe en in hierdie vorm nog nie in die vroeëre publikasie aan die orde gestel kon word nie. „De handreiking tracht in deze vragen de weg te gaan die ons in de Heilige Schrift wordt gewezen als de weg naar het Leven" (blz. 7).

Nadat in die eerste hoofstuk 'n beskrywende oorsig oor „De Huidige Situatie" gegee is (Gewijzigd gedrag, Gewijzigde maatschappij, Gewijzigd gedachtenklimaat), volg 'n hoofstuk oor „De Boodschap van de Kerk" (Het Evangelie, Wijze van omgaan met de bijbel, De aard van Gods gebod, De Kerk in deze tijd). Die derde hoofstuk is dan getiteld: „Over het Sexuele" (De mens als man of vrouw, Het Huwelijk, Problemen in en rond het huwelijk, Sexualiteit voor het huwelijk, De ongehuwde, De homofiele mens).

Besonder belangrike dinge word gesê oor die verhouding tussen die evangelie en die gebod van God, die wyse van omgaan met die Bybel en die aard van Gods gebod: Op 'n eenvoudige en duidelike manier word daarop gewys dat die Blye Boodskap níe tot losbandigheid wil lei nie, dat álle gebooie en verbooie wat in die Bybel genoem word, nie sommer reglynig en direk op elke hedendaagse situasie toepaslik is nie. Myns insiens is dit 'n noodsaaklike riglyn om mee rekening te hou: Ook op die terrein van die sedelike lewe dreig die gevaar dat 'n mens met 'n teks in die mond en met die Bybel onder die arm 'n valse profeet kan wees — op díe manier naamlik, dat 'n mens 'n Bybelwoord op die verkeerde situasie toepas!

Die taalgebruik is helder en eenvoudig, sodat die nie-teologiesgevormde leser nie hoef te kla dat die bedoeling van die skrywe verduister word deur die geheimtaal van die wetenskap nie. Tog sal dit baie goed wees as teoloë deeglik kennis neem van wat die Nederlandse Hervormde Kerk oor hierdie interessante en aktuele onderwerp te sê het: Die bedoeling is immers om die lig van die **Bybel** op hierdie aangeleentheid te laat val. In baie opsigte lyk dit of hulle die pad gekry het en daarop loop. In ander opsigte, byvoorbeeld die gewilligheid tot 'n kompromis in verband met die homoseksualiteit en die onthouding van die ongehude, is ek nie so seker daarvan nie.

J. J. Engelbrecht, jr.

Dr. E. L. Smelik, **ACHTERSTALLIGE POSTILLE,** Nijkerk: G. F. Callenbach, 1972, 188 pp.

Daar is soveel grappies en afkeurende opmerkings in verband met geleende of swak voorbereide preke in omloop, dat 'n mens met ietwat huiwering 'n boek met preeksketse opneem en boonop 'n resensie daaroor probeer skryf! Ná die lees van hierdie bundel is my vroeëre indruk bevestig, naamlik dat 'n preekskets maklik misbruik kan word deur 'n lui predikant. Tog lyk dit of dit ook moontlik is om dit verantwoordelik te gebruik — dus nie as pláásvervanger vir eie eksegese van die teks en vormgewende arbeid aan die preek nie, maar as húlpmiddel náás kommentare, ensovoorts.

Die preeksketse is ingedeel aan die hand van die kerklike jaar.

Die outeur het hom doelbewus nie streng gehou aan voorgeskrewe tekste of teksgroeperinge nie en die behandelde tekste kom uit 'n groot aantal Bybelboeke (ongeveer 23 is Ou Testamentiese tekste).

Selfs die lui predikant sal nog heelwat moet doen nadat hy hierdie sketse gelees het, want dit is nie volledige preke nie en wil dit nie wees nie. Volgens die opmerkings op die buiteblad wil die boek nie meer wees as 'n „gesprekspartner, die in de . . . werkplaats van de predikant wil binnenkomen, als hij daar gewenst wordt".

In sy toeligting by die sketse, gee Smelik te kenne dat die onuitputlike en besielende opdrag om die Bybel in hierdie tyd te vertolk, hom voortdurend besig hou. Vir hom is die teks steeds die uitgangspunt en die begrensing van die preek. Wanneer oor die teks gepreek word moet dáároor gehandel word en nie oor iets anders nie. Natuurlik moet die verband met verwante Bybelgedeeltes en met die Bybelse boodskap as geheel, uitkom. Daarin slaag die outeur myns insiens.

Syns insiens is preke wat eensydig horisontaal of vertikaal is, nie Bybelse prediking nie, maar die resultaat van 'n tekort by die prediker.

Uit die preeksketse blyk duidelik dat Smelik eerbied het vir die Bybel en vir die diens van die Woord.

Sonder om te kort te doen aan die hoë standaard van die ander sketse, meld ek graag in die besonder die prikkelende opmerkings oor Matt. 16:18 en 23, onder die opskrif: De Gewaarschuwde Kerk.

Natuurlik sou dit 'n verrassing wees as 'n broeder in Nederland 'n hele bundel preeksketse publiseer sonder een enkele klap na die Republiek van Suid-Afrika! So 'n klap vind ons byvoorbeeld op bladsy 47, waar verwys word na „de kerken onder dictatuur in Rusland en Zuid-Afrika"! — Gelukkig lyk die ander stellinge in hierdie bundel veel beter gefundeer.

Ten slotte 'n vraag: Sou daar nie goeie Nederlandse woorde wees om te gebruik in plaas van „claimen, de business-man, en freewheelen" nie?

J. J. Engelbrecht, jr.

**DE OPENBARING VAN JOHANNES,** dr. A. J. Visser, tweede vermeerderde druk, G. F. Callenbach N.V. — Nijkerk, 1972. Prys R6,60.

Hierdie is 'n uitgawe in die reekskommentare „De prediking van het Nieuwe Testament". Die skrywer is hoogleraar aan die Ryksuniversiteit te Groningen.

Die skrywer deel sy behandeling van die stof onder sewe hoofdele in wat dan weer verder onderverdeel word. Die hoofindeling bestaan uit die volgende:

1. Titel, groet, inleidende Visioen. Briewe aan die sewe gemeentes (1:1-3:22).
2. Die geopende hemel en sewe seëls (4:1-8:1).
3. Die Visioen van die sewe basuine (8:2-11:19).
4. Die gesig van die antichris (12:1-15:4).
5. Skaalvisioene (15:5-16:21).
6. Visioen wat betrekking het op die val van Rome (17:1-19:10).
7. Die einde van Satan en die bruilof van die Lam (19:11-22:21).

Uit hierdie indeling is dit duidelik dat daar 'n redelik volledige behandeling van moeilike stof plaasvind. Oor die algemeen kwyt die skrywer hom dan ook goed van sy taak sodat 'n mens by die deurlees van die kommentaar duidelik onder die indruk kom van die feit dat hy 'n goeie en breedvoerige studie van die stof gemaak het. Verder spreek die prediking van Openbaringe ook duidelik uit sy behandeling van die inhoud van die boek, 'n behandeling wat op sistematiese en wetenskaplike wyse gedoen is.

Wat die waarde van die boek verder verhoog is die register van tekste uit die Ou en Nuwe Testament en die register van aanhalings uit die apokriewe, pseudepigrafiese geskrifte en oud Christelike outeurs wat in die boek opgeneem is. Dit beklemtoon verder die feit dat die skrywer 'n deeglike studie van die stof gemaak het.

Dit sal seker so wees dat almal nie met alle stellinge in die boek sal saamstem nie, maar dit doen geensins afbreuk aan die gehalte van die geskrif nie. Ek kan daarom nie anders as om die kommentaar met vrymoedigheid by alle predikante aan te beveel nie. Dit is 'n geskrif wat baie daartoe kan bydra om predikante se gedagtes te stimuleer om ook uit hierdie boek van die Bybel te preek.

J. H. Koekemoer.

**GELOVEN VANDAAG.** Dr. E. Flesseman — van Leer. Uitgeverij G. F. Callenbach N.V. — Nijkerk. Sagteband, 197 bladsye.

Volgens die omslag van die boek is die skryfster daarvan in Nederland bekend vir die Bybelstudies wat sy vir kringe en Bybelstudiegroepe skryf. Hierdie boek pas dan ook heel goed in hierdie kader — die skryfster probeer nooit swaar teologiese stof na vore bring nie, maar laat dit eenvoudig en duidelik spreek soos sy dit sien. Sy bring dan ook 'n wye verskeidenheid Bybelsteologiese onderwerpe in 'n goed-logiese samehang ter sprake, byvoorbeeld God, skepping, mens, Israel, Jesus, die Heilige Gees, ons lewe en toekoms, ensovoorts. Haar benadering geskied vanuit die gesigspunt van die moderne mens, maar sy slaag redelik daarin om die strikke van die nuwe teologie te vermy deur die oorspronklike werk wat sy lewer — haar Godsleer gaan byvoorbeeld nie ontaard in 'n etisisme nie. Op die agtergrond staan natuurlik baie sterk die begeerte om die gemelde sake vir die moderne mens verstaanbaar te laat klink — so sterk dat mens dit bykans kan noem — **aanvaarbaar** maak, of geloofwaardiger maak. Hier kan net verwys word na haar kommentaar op die ou belydenis van Jesus Christus as waaragtig God en waaragtig mens, as 'n „ongeloofwaardig dubbelwezen", „een vreemd blok in ons geloof" (p. 94, 95). Die vraag ontstaan: Is dit nou ongeloofwaardig vir die **rasionele** begrip van die mens? Vir die rede van die mens is dit natuurlik onaanvaarbaar, (soos die maagdelike geboorte wat sy ook nie kan aanvaar nie). Daarom sien ons haar poging as een wat die Bybel neem in alle ywer en bewoënheid met die medemens, om dit so te interpreteer sodat daar nie 'n konflik kan onstaan tussen die denkende mens van 'n moderne tyd en die tydlose waarhede van die Bybel nie. Daarmee saam val duidelik op, die gebrek aan eg-kerklike verbondenheid — hoe vreemd dit dalk vir die skryfster self mag klink — want kerk

is ook konfessionele gemeenskap, die gemeenskap met sy belydenis, en wel sy duidelik omskrewe belydenis, waaraan hierdie gemeenskap vashou. Die belydenis is op 'n besondere wyse gevorm, en het op 'n besondere wyse tot die kerk gekom. Volgens „Geloven vandaag" egter lyk dit of hierdie belydenis op baie plekke twyfelagtig is, en word 'n nuwe formulering gemaak wat 'n nuwe betekenis van die geloofsdinge meebring. Uit hierdie tipe boek kry mens die indruk dat daardie gemeenskap om wie dit in die boek gaan, 'n ander is en wil wees as die sogenaamde institutêre kerklike gemeenskap — juis los van daardie een wat naas Woord en sakramentsbediening ook die **tugoefening** as sy erns neem. Juis hierdie aspek is die een wat in die moderne tyd nie meer tot sy reg kom nie.

Benewens 'n enkele voorbeeld reeds genoem is dit seker noodsaaklik om 'n paar aanduidings te gee van hoe sekere sake in die boek behandel word, sodat daar altyd gesorg word dat die gesigspunt van „leer oor" vermy word ter wille van die sistematiese deurdenking van 'n geloofswaarheid (p. 104).

Daar is waardering voor te betuig dat dr. Flesseman — van Leer die saak van die bondgenootskap van God so sterk beklemtoon. Dit bly altyd 'n belangrike aspek van die Bybelse teologie, en by haar domineer dit die hele Godsleer. Die skepping byvoorbeeld kom eers in hoofstuk v. ter sprake. Maar hiermee gepaardgaande kry ons ook die tipiese trek van die nuwe teologie wat ten alle koste vermy om God as God te sien ook vóór die Verbond (al ken ons Hom net as Verbondsgod), voor die skepping, voor die kenbaar — maak aan die mens, selfgenoegsaam in sy ewigheid. Dit is seker nie nodig om God so verbonde aan sy skepping te sien dat mens die gevoel moet kry dat Hy nie sonder sy skepping kan bestaan nie.

Dit bewaar mens vir gevaarlike aksentverskuiwinge.

Voorts wys sy die moontlikheid af om langs negatiewe weg van God as onsigbaar, onveranderlik, oneindig te praat. Ook sal „almag" nie as die belangrikste kenmerk van God beskou kan word nie (p. 27, 28).

Na ons mening laat sy nie reg geskied aan die Godheid van Christus nie. Daar moet verwys word na haar opinie omtrent die leer van die twee nature van Christus. Haar argument is: Jesus is volkome mens, en **in** en **deur** Hom het God gehandel en Hom kenbaar gemaak (p. 121). Sy sê egter nêrens dat Hy ook volkome God is nie. „God is Christus" is glad nie die belydenis: Christus is God, nie. Die cur **Deus** homo kom nie in die gesigsveld nie.

Voorts wil dit lyk of die versoeningsaspek van Jesus se lewe en werk, indien nie 'n ondergeskikte rol ontvang nie, dan wel ondergeskik geag word aan die feit dat Jesus Christus vir God die

God van die hele wêreld maak (p. 100). Sy laat in hierdie verband die Bybelse offerterminologie vaar as „vreemd" vandag, behalwe vir die betekenis dat Jesus sy lewe ten offer bring in diens aan God en die mense. Dit is beslis 'n verskraling van die versoeningsgedagte. Terwyl sy veel van die evangelie prysgee, aanvaar sy die eenheid van Ou en Nuwe Testament nie genoegsaam, waardeur die versoeningsgedagte en offerterminologie duidelik sou uitkom nie. Die argument dat dit eers te 'n lang uiteensetting verg, gaan nie op as mens by die kategeet noodsaaklikerwys óók die Ou Testament tuisbring, en daarmee saam dan die hele vooraf-uitleg nie.

Haar opvatting van die **sondebegrip** bring haar beskouing oor die **mens** ook in die gedrang. Die sondige natuur van die mens wys sy prinsipieel af. Sonde is daar waar gepraat kan word oor die sondige dade en gedagtes van die mens. Dit is 'n „ongeloofwaardige uitspraak" om te sê dat alles wat die mens „doet zonder onderscheid zondig is en dat hij niet in staat tot enig goed is". Dit is „onjuist om ervan uit te gaan dat de mens a priori zondaar is en dat daaruit dan de enkele zondige daden voortvloeien. Het uitgangspunt is integendeel ons concrete doen en laten in de reëele historische situatie". Sondag 3 en 4 van die Heidelbergse Kategismus is hiermee nie te rym nie. Daar moet egter bygesê word dat die skryfster sterk gemotiveerd is deur die noodsaak van egte skuldbelydenis op grond van gedane sondes.

Die sondebegrip weer het vanselfprekend 'n baie idealistiese mensbeeld tot gevolg. Die mens Jesus dra ook geen **straf** vir die mense nie.

Die Heilige Gees weer is die **krag** van God, die **vorm** waarin Christus by die gelowige is. Dit val nêrens op dat Hy óók Persoon is, duidelik te onderskeie van God die Vader en die Seun nie. Oor die triniteit het die skryfster haar bepaalde gedagtes, ook oor doop en sakrament; dan die „ervaring" van die gelowige — 'n ervaring van Gods teenwoordigheid; ook die kerk moet ervaar word, iets wat nie gebeur in die „offisiële" kerk of erediens nie, maar in 'n groep mense — soos 'n studentegemeenskap, 'n gesprekskring, 'n groep wat bymekaarkom vir 'n spesifieke taak in diens van God. En dan kom dit as 'n nagedagte: „En misschien toch ook — waarom niet? — in de eredienste . . . "

Of mens die boek sou aanbeveel? Seker nie vir katkisante nie, maar vir hulle wat met onderskeiding kan lees, 'n interessante ekskurs in die bekende dinge wat soms nogal verrassende gedagtes oplewer, en op plekke 'n mooi en heldere uitsig bied.

C. J. Viljoen.

**AMPSBEDIENING IN AFRIKA.** Onder redaksie van prof. D. J. Bosch, 'n uitgawe van die N.G. Kerk-boekhandel in die reeks Luk Mundi. Sagteband, 148 bladsye. Prys R2-85.

Ons het hier 'n tiental referate wat gelewer is tydens die vyfde jaarkongres van die Suid-Afrikaanse werkgemeenskap vir sendingwetenskap in 1972. Die tema is goed gekies en aktueel; die sprekers verteenwoordigend van 'n verskeidenheid kerkgenootskappe en nasionaliteite — seker bevorderlik vir 'n goeie ekumeniese gesprek. Ons aanvaar by die resensie dan ook primêr dat dit by die insae van die boekie hoegenaamd nie daarom gaan of mens gaan instem met dit wat elke referent te sê gehad het nie, as dat mens sal kennis neem van wat elkeen te sê gehad het, en wel vanuit sy eie teologiese agtergrond. Die doel van die bundel, so wil ons graag veronderstel, is juis om 'n feitlike weergawe te gee van die referate, met uitsluiting van verskille van opinie wat in besprekingstye geuiter kon gewees het.

Ons vind dit goed dat van elke skrywer aan die einde van die bundel 'n kort lewensskets en agtergrondsaanduiding gegee word. Hulle is dr. A. J. Becken, ds. S. P. E. Buti, prof. dr. J. du Preez, ds. J. M. Lensink, dr. K. Nürnberger, dr. E. J. C. Strassberger, di. J. L. Strydom, L. J. Swanepoel, dr. J. A. van Rooy en C. T. D. Verryn.

Hoofsaaklik het dit in die kongres oor die leraarsamp gegaan, met die noodwendige verwysinge na die ander ampte. Na die prinsipieel Bybelse siening van die ampte, uiteengesit in die eerste referaat, gee dr. K. Nürnberger 'n sosiologiese vergelyking van die volkekundige aspekte van die gesagsstruktuur by die Bantoe van Suid-Afrika en die invloede daarvan op die kerklike ampte, gepaardgaande met die nuwe verskynsels van die tegnologie en die veranderinge op staatkundige gebied. Gelukkig sê die skrywer self dat daar 'n groot hoeveelheid baie moeilik bepaalbare faktore saamwerk. Hy sien een ligpunt in die tanende lig van die ampsbedienaar (predikant) in die sendingkerke, en dit is die toenemende deelname van die gewone lidmate in die kerklike arbeid.

Terwyl hy die feit betreur dat teoloë opgelei word en in die kerk alles moet doen behalwe dit waarvoor hulle opgelei is, bepleit hy as oplossing dat die sogenaamde „leke" georden moet word, want hulle gee eintlik die toon aan in hulle leidende hoedanigheid in die gemeentes. Die taak van die gemeentelike predikant moet verdeel word, daar moet 'n opgeleide teoloog wees, asook 'n opgeleide administrateur.

Dit blyk baie duidelik die algemene gevoele te wees dat werk gemaak moet word met die toenemende getal ywerige helpers wat sonder amptelike status in die Bantoe kerke sit. Dr. E. Strassberger het in haar referaat naas bogenoemde ook die rol van die

vrou beklemtoon, en bepleit baie onomwonde die volledige toelating van vroue tot die ampte.

Daar word nie gehuiwer om ook die praktiese implikasies van die arbeid onder oë te neem nie. Insiggewend is die sogenaamde tentmakerspredikante se (moontlike) rol in dié verband.

Die uiteindelike doelstelling, 'n totaal aktiewe kerk, waarin alle moontlike arbeidskragte saamgesnoer word, lyk bemoedigend in sy ideale opset. Ons vind dit egter as 'n leemte dat die meeste referate (wat dit kan doen) nie aandag gee aan die groot getal kerke onder die Bantoe met hulle diepgaande leerstellige verskille en selfs gebrek aan enige leerstellige grondslag nie.

By te veel kom dit voor dat die soeklig nie indringend op teologiese opleiding en die daarstelling van bepaalde standaarde in die verband is nie. Die kerke kan nie maar lukraak ontwikkel terwyl hulle beslag tog in die hande van die gevestigde kerke lê nie.

C. J. Viljoen.

**KINDERDIENSTE** deur dr. W. Bleij. Deel 4 in 'n reeks vir Sondagskool en Kinderkerk. G. F. Callenbach N.V. Nijkerk. Sagteband, 88 bladsye.

Hierdie boekie met preeksketse vir kinderdienste dek die Sondae vanaf Quasimodo geniti tot by die derde Sondag na Trinitatis. Die voorwoord meld dat die reeks gebore is uit 'n besef dat daar te veel on-Bybelse, on-teologiese snert in die koppe van kinders ingeprent word deur mense wat nie van beter weet nie. Die huidige chaotiese wêreldtoestande (ook plaaslik) laat sulke dinge nie toe in 'n geloofsgemeenskap waar dit werklik om die toekoms en heil van ons kinders gaan nie. Die kwaliteit van hulle vorming tot hulle behoud moet wel deeglik aandag geniet. Ons stem heeltemal hiermee saam.

Die boekie is interessant en bruikbaar. Die orde van die diens word aangegee maar is vir ons natuurlik onbruikbaar in Suid-Afrika, benewens die feit dat daar liedere voorkom wat hier nie net totaal onbekend is nie maar ook nie maklik bekom sal word nie.

Ons bepaal ons dus maar by die preeksketse: Die dominee het 'n bepaalde manier van stofinkleding en aanbieding ontwikkel wat seker menige predikant tot hulp kan wees wat nie oor so 'n gemaklike omgangstrant met kinders beskik nie. Waar die sketse op sigself nie almal slaag nie, is die „Opmerkinge" aan die einde 'n noodsaaklike aanvulling waarin die skrywer homself ook kritiseer en waardering wek met sy ope gemoed. Ons voel dat hierdie opmerkings eers die stukkies bruikbaar maak, sodat die boekie tot hulp kan wees in hierdie tyd waarin die noodsaaklikheid besef word dat die kinders veral in die eredienste tuishoort.

C. J. Viljoen.